Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

10 September 2020

ALGEMENE NUUSBRIEF

1. VOLLE GRAAD 11-GROEP KEER TERUG SKOOL TOE

Alle Graad 11-leerders keer op 11 September voltyds terug skool toe. Die leerders gaan dus nie meer op 'n rotasie-basis skool bywoon nie, maar elke dag skool toe kom. Groep 1 en Groep 2 volg dus daagliks klas soos voor die grendeltyd. Dit impliseer dat hul dae gaan herhaal: dus Vrydag, 11 September is Dag 3 en Maandag, 14 September is weer Dag 3.

TOEGANG TOT DIE SKOOL:

Die **Graad 11-leerders** gaan vanaf 11 September die hoofhek gebruik. Ouers mag egter nie tot by die hoofhek ry nie. Leerders word by die draai, onder in die pad, afgelaai.

Graad 9-leerders gaan vanaf 11 September dus die sporthek vir toegang gebruik.



2. TENDER: SEKURITEIT VAN SKOOL

Sekuriteit-maatskappye wat belangstel om as die diensverskaffer vir Die Hoërskool Wonderboom op te tree, word uitgenooi om hulle tender teen 1 Oktober 2020 in te dien. Kontak gerus me Carl Schmahl vir volledige inligting.

3. 25 SEPTEMBER - SKOOLVAKANSIEDAG

Die skool het aansoek gedoen om gesluit te wees op Vrydag, 25 September. Dit is deur die Departement goedgekeur. Die skool sal dus gesluit wees op 24 September sowel as 25 September. Die **Graad 12-rekordeksamen gaan egter voort**. Die matrikulante skryf Wiskunde/Wiskundige Geletterdheid en moet reeds 8:00 aanmeld vir dié vraestel.

4. KLEREBANK

Aangesien volle somersdrag nou verpligtend is, besef ons daar is 'n behoefte aan klere uit die klerebank. Danksy skenkings vanaf ouers en instansies kan die klerebank weer sinvol funksioneer. Baie dankie vir elkeen se bydrae. Die klerebank sal voortaan Dinsdae, Woensdae en Donderdae tydens pouses oop wees, sowel as Woensdae na skool.

5. VOORKOMS

Volle somersdrag is nou aan die orde van die dag. Leerders moet steeds hul maskers dra, maar ook let op hul voorkoms agter die maskers. Vergewis u asseblief van die voorkomsreëls soos uiteengesit in die leerders se dagboek en op die webwerf. Leerders wie se voorkoms nie korrek is nie, se ouers sal gekontak word om hul te kom haal, sodat die voorkoms eers gekorrigeer kan word. Baie dankie vir u samewerking in die verband.

DOGTERS:

SEUNS:

6. LAWWE LENTE UITDAGING

Die Wonnies pak enige probleem, selfs Covid-19, met entoesiasme aan. Ons is 'n skool wat selfs te midde van maskers, sanitering, halwe klasse en sosiale afstande steeds **GEES** het! Op die volgende dae kan jy jou **GEES** wys deur kreatief, uniek, anders en sommer lekker laf te wees!

17 SEPTEMBER: GROEP 1 **18 SEPTEMBER: GROEP 2** **Kleurvolle kousedag:** Watter Wonnie, in elke graad, het die kleurvolste kouse?	**1 OKTOBER: GROEP 1** **2 OKTOBER: GROEP 2** **Haai daai hare dag:** Watter Wonnie, in elke graad, se hare kan ander laat stilstaan en staar?
15 OKTOBER: GROEP 1 **16 OKTOBER: GROEP** **Dié das dag:** Watter Wonnie (of hul pa) in elke graad, het die interessantste das?	**29 OKTOBER: GROEP 1** **30 OKTOBER: GROEP 2** **Hitte-houweg-hoeddag:** Watter Wonnie, in elke graad, het die beste hitte-weghou-hoed?

Wonnie-groete

M LEZAR
SKOOLHOOF